Biblioteek 12/92

466/91
/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

CAPTAIN MOGANO .................... APPELLANT

en

DIE STAAT ........................ RESPONDENT

CORAM : HEFER, KUMLEBEN et VAN DEN HEEVER ARR

VERHOORDATUM : 20 FEBRUARIE 1992

LEWERINGSDATUM : 5 MAART 1992

---

U I T S P R A A K

---

KUMLEBEN, AR/...

Die appellant, 'n 39-jarige man, is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof aan twee klagtes van moord en een van roof met verswarende omstandighede skuldig bevind. Die doodstraf is op elke aanklag opgelê. Die appellant se aansoek om verlof om te appelleer is van die hand gewys en sy versoekskrif aan die Hoofregter het ook misluk. Daarna het die paneel, met inagneming van die bepalings van die gewysigde a 277 van die Strafproseswet, nr 51 van 1977, bevind dat die vonnisse waarskynlik opgelê sou gewees het. Ingevolge a 19(12) van die Strafregwysigingswet, nr 107 van 1990, dien die saak nou voor ons om die vonnisse in oënskou te neem. Ons taak is om te besluit, alle versagtende en verswarende faktore inaggenome, of die doodvonnis in die omstandighede op die drie klagtes die enigste gepaste een is.

Die appellant het op al drie klagtes

onskuldig gepleit. Sy verweer was 'n alibi maar sy getuienis in dié verband is verwerp. Sy vingerafdrukke is op die toneel gevind. Mej Setlhare, 'n vrou met wie hy 'n verhouding gehad het, het getuig dat hy met sommige van die gesteelde goedere by haar aangekom het. Hoofsaaklik op grond van hierdie getuienis is die appellant skuldig bevind. Die appellant het geen getuienis ter versagting voorgelê nie. Hy het met sy alibi volhard en het nie die juistheid van die uitspraak aanvaar nie. Sy advokaat in die hof <u>a quo</u> het slegs een faktor ter versagting aangevoer: dat by die moorde <u>dolus directus</u> nie aanwesig was nie.

Mnr Davis, wat namens die appellant voor ons opgetree het, het nie die feitebevindings van die verhoorhof aangaande die pleging van die misdade enigsins aangeveg nie. Kortliks kom hulle hierop neer.

Op 29 Desember 1987 was die twee slagoffers, Mnr en Mev Enslin, tuis by hul woning te

Nylstroom. Die appellant het waarskynlik eers vir Mnr Enslin in sy motorhuis aangeval. Hy het die oorledene met sy eie hamer te lyf gegaan en hom minstens 27 houe aan sy kop en borskas toegedien. Hulle het ŉ erge mate van kneusing, bloeding en frakture tot gevolg gehad. Die oorsaak van dood was breinbloeding en breinskade as gevolg van ŉ ingedrewe skedelfraktuur en bykomende longkneusing. Daarna het die appellant die huis binnegegaan. Hy het Mev Enslin in haar slaapkamer aangetref en haar noodlottig verwurg. Kneusings en velletsels aan haar bolyf het bewys dat hy haar ook verder aangerand het. Volgens die geneesheer wat die regsgeneeskundige lykskouing uitgevoer het, was haar hele kopvel gekneus as gevolg van die gebruik van ŉ stomp voorwerp of ŉ stamp of stampe teen die vloer. Dit het subdurale breinbloeding veroorsaak wat tot haar dood bygedra het. Daarna het hy sy rooftog voortgesit. In die loop daarvan het hy die huis deurmekaar gemaak

(blykbaar omdat hy na 'n bepaalde besitting gesoek het); die polshorlosies van die arms van die oorledenes geneem en gesteel; 'n trommeltjie waarin Mev Enslin geld en juwele toegesluit het, oop forseer; en met 'n hoeveelheid klerasie weggeloop. Mnr en Mev Enslin was onderskeidelik ongeveer 77 en 70 jaar oud.

Voor die pleging van hierdie misdade het die appellant 'n indrukwekkende reeks veroordelings gehad. Sy kriminele loopbaan het omtrent op 14-jarige ouderdom begin. Hy het altesaam 20 vorige veroordelings waarvan minstens 13 as geweldsmisdade beskryf kan word. Die gebruiklike volgorde van vonnisse is op hom toegepas: houe met 'n ligte rottang (2 keer); gevangenisstraf (3 keer); gevangesetting vir korrektiewe opleiding; gevangesetting ter voorkoming van misdaad; plus daarna verdere strawwe in die vorm van gevangenisstraf en boetes.

Teen die agtergrond van hierdie feite was mnr

Davis se taak om versagtende faktore aan te voer, ŉ onbenydenswaardige een. Hy het aan die hand gedoen dat direkte opset (dolus directus) ten opsigte van die moorde miskien nie bewys is nie. Die getuienis is tot die teendeel: alles dui daarop dat die appellant wel geweet het dat die oorledenes en niemand anders nie op daardie tydstip op die perseel was en dat weens hulle ouderdom minimale weerstand van hulle verwag kon word. Hulle is vermoor om latere uitkenning te verhoed. Dit is onrealisties en hoogs onwaarskynlik dat hy besluit het om hulle te vermoor eers na hy die motorhuis of huis betree het. Mnr Davis het verder aan die hand gedoen dat die feit dat hy nie met ŉ eie wapen daar aangekom het nie, moontlik aantoon dat die moorde, in teenstelling met die roof, nie vooraf beplan is nie. Ek stem nie saam nie. Hy het goed geweet dat hy, met of sonder ŉ wapen, met hulle sou kon afreken: vide sy aanval op Mev Enslin. Geen verdere gronde van

moontlike versagting is aangevoer nie en ek kan nie die bestaan van enige vir my voorstel nie.

Daarteenoor is daar oorvloedige verswarende faktore. Dit was 'n brutale en betreklik langdurige aanval wat helder oor dag plaasgevind het. (Die skokkende wreedheid van sy optrede word deur die fotos van die lyke uitgebeeld.) Die slagoffers, bejaarde en weerlose mense, is in hul huis aangeval met die doel om hulle te beroof. Daar is niks in die notule om aan te dui dat die appellant sy optrede enigsins berou nie. In die omstandighede moet die vergeldingselement van straf in hierdie geval vanselfsprekend 'n prominente rol speel by die oorweging van die aangewese vorm van straf. Die aard en omvang van sy vorige veroordelings skakel enige realistiese vooruitsig op hervorming of rehabilitasie uit. In dié verband kan daar in die verbygaan net daarop gewys word dat hy, terwyl hy in 'n polisiesel in hegtenis aangehou was, ontsnap het en,

vermoedelik in die proses, ŉ lid van die polisie met ŉ "skerp voorwerp" (waarskynlik een wat hy in die polisiesel vervaardig het) aangerand het. In die omstandighede sal gevangenisstraf nie noodwendig verseker dat hy nie aan sy gewelddadigheid binne, of miskien buite, die gevangenis uiting sal gee nie.

In al die omstandighede stem ek saam met die beslissing van die hof a quo, naamlik, dat die doodvonnis die gepaste straf is.

Die appèl word van die hand gewys.

M E KUMLEBEN
APPèLREGTER

Hefer AR)
Van den Heever AR) - Stem saam